basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

GESKIEDENIS V2

MEI/JUNIE 2026

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 29 bladsye.

Kopiereg voorbehou

1. BRONGEBASEERDE VRAE

1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

Kognitiewe Vlakke	Historiese vaardighede	Gewigstoekenning van vrae
VLAK 1	• Onttrek inligting uit bronne • Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne • Definieer historiese begrippe/terme	**30% (15)**
VLAK 2	• Interpretasie van bewyse uit bronne • Verduidelik inligting verkry uit bronne • Analiseer bewyse uit bronne • Verduidelik historiese konsepte in konteks	**40% (20)**
VLAK 3	• Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne • Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel • Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings	**30% (15)**

1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om 'n standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om enige punte te verdien

1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓).
- Indien 'n vraag 4 punte tel, word 4 regmerkies (✓✓✓✓) aangedui.

Paragraafvraag

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (.) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.

Kopiereg voorbehou

- Maak regmerkies **(√)** wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1,2, of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee 'n kort kommentaar bv.

_____ . _____ . _____
_____ . _____
√√√ Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt op die kantlyn regs onder, bv. 32/50
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

2. OPSTELVRAE

2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.

2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die opstel as 'n geheel sal bepunt sonder om die hoofpunte afsonderlik te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n oorspronklike argument aan te bied deur relevante bewyse te gebruik om 'n argument te ondersteun. Daar sal **nie** van die leerder verwag word om slegs inhoud (feite) neer te skryf om 'n vlak 7 (hoë punt) te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ontmoedig om opstelle voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die leerder se interpretasie van die vraag
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse (relevant inhoudseleksie)
- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument (beplan, gestruktureer en 'n onafhanklike argument)

2.4 Assesseringsprosedures van die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne), vir elke hoofaspek/liggaam van die opstel wat die argument ondersteun (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne) en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne)
Bv. In 'n opstel waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die PEEL struktuur in gedagte in die assessering van 'n opstel.

P	**Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met 'n argument/'n duidelike hoofpunt. Elke paragraaf moet 'n punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun.
E	**Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is.
E	**Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om argument vol te hou.
L	**Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is.

2.4.3 Die volgende simbole MOET gebruik word in die assessering van 'n opstel:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer — ^
  nie
- Verkeerde stelling — _____
- Irrelevante stelling — |
|
|
- Herhaling — R
- Analise — A√
- Interpretasie — 1√
- Argument — LOA ↕

2.5. Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

I	VLAK 4	

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

I	VLAK 4	
A	VLAK 3	

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

I	VLAK 4	} 26–27
A	VLAK 3	

KOMMENTAAR
Sommige weglatings in inhoud dekking.
Pogings om 'n argument volte hou

NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTAAL: 50

AANBIEDING → / **INHOUD** ↓	**VLAK 7**	**VLAK 6**	**VLAK 5**	**VLAK 4**	**VLAK 3**	**VLAK 2**	**VLAK 1***
	Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun.	Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun.	Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun.	Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse.	Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie.	Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie.	Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie.
VLAK 7 Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevante tot argument wat gevolg is.	47–50	43–46					
VLAK 6 Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevante tot argument wat gevolg is	43–46	40–42	38–39				
VLAK 5 Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevante.	38–39	36–37	34–35	30–33	28–29		
VLAK 4 Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud.			30–33	28–29	26–27		
VLAK 3 Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings.				26–27	24–25	20–23	
VLAK 2 Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal.					20–23	18–19	14–17
VLAK 1* Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud.						14–17	0–13

* Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Inhoudseleksie sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord ; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

VRAAG 1: HOE HET PW BOTHA SE REGERING IN DIE 1980'S OP DIE ANTI-APARTHEID-MEDIAVERSLAGGEWING GEREAGEER?

1.1

1.1.1 *[Onttrekking van bewyse in Bron 1A – V1]*
- '*Grassroots* …' (1 x 1) (1)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse in Bron 1A – V1]*
- '… Western Cape Civic Association (WCCA) …'
- '… Cape Areas Housing Action Komitee (CAHAC) …'
- '… vroue- en jeugorganisasies …'
- '… Cape Youth Congress (CAYCO) …' (enige 3 x 1) (3)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1A – V2]*
- Mobiliseer die plaaslike gemeenskap teen Botha se hervormings en onderdrukking/ dreigement
- Dit was toegewyd aan die stryd van die plaaslike gemeenskap
- Dit was die stem van die onderdruktes onder apartheid
- Dit het die apartheidstelsel ondermyn
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1A - V2]*
Die UDF mobiliseer:
- deur gemeenskapsnuusbriewe, koerante en tydskrifte te gebruik
- deur hulself met die ANC teen Botha se hervormings te verbind
- deur gebruik te maak van die swart pers om weerstand te organiseer/veldtogte
- deur verskillende vorme van protes bv. boikotte, stakings,
- ens
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.2

1.2.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1B - V2]*

(a)
- Magteloosheid van anti-apartheidsaktiviste teen Botha wat hulle koerante verban het/mediabeperkings afgedwing het
- Stemloosheid van anti-apartheidsaktiviste tydens die mediabeperkings in Suid-Afrika in die 1980's
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

(b)
- Mediabeperkings/verbanning/ stilmaak van gedrukte media
- Om permanent antiregeringsnuusmedia te vernietig/toe te maak
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.2.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1B - V2]*

- Baie koerante en tydskrifte is toegemaak as gevolg van Botha se mediabeperkings, wat dus die progressiewe media doodgemaak het
- Baie mediahuise/publikasies is geforseer om toe te maak as gevolg van die verlies aan inkomste
- Om die stemme van anti-apartheidsaktiviste stil te maak
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3

1.3.1 *[Onttrekking van bewyse in Bron 1C – V1]*

- '… eerstehandse verslaggewing van politieke onrus …'
- '… betogings …'
- '… anti-apartheid-boikotte ...'
- '…volkshowe
- '... straatkomitees' enige (4 x 1) (4)

1.3.2 *[Definisie van 'n historiese term in Bron 1C – V1]*

- 'n Betekenisvolle of totale verandering
- Wanneer gewapende burgers die regering beveg om veranderinge in 'n land af te dwing
- Proses om die regering te verwyder/ omverwerp vir 'n nuwe een as gevolg van politieke, ekonomiese en maatskaplike probleme/belangrike verandering in 'n land se maatskaplike, politieke of ekonomiese struktuur/regering
- 'n Gewelddadige/vreedsame protes/rebellie deur 'n nasie teen die regering met die doel om dit met 'n ander een te vervang
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.3.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1C – V2]*

- Botha was bang dat die verslaggewing dalk rewolusie in die land kan aanhits
- Hy wou nie hê dat die wêreld moes weet hoe die regering swart mense in Suid-Afrika behandel het nie
- Hy wou sy regering se beeld aan die buitewêreld beskerm/ om disinvesteringsveldtogte te stop
- Sodat swart nasionalistiese media nie oor die aktiwiteite van die verbanne politieke organisasies/aktiviste kon berig nie
- Om die stem/vermoë om te mobiliseer/stryd van verbanne Suid-Afrikaanse politieke organisasies te stop/te bedwing
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.3.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1C - V2]*

- Dit was maklik toeganklik/bekostigbaar in baie swart townships
- *The Sowetan*-koerant het die werklikheid van die swart mense se lewens gedurende die noodtoestand uitgebeeld
- Dit was betroubaar en gerespekteer deur die swart gemeenskappe as gevolg van sy anti-apartheid standpunt
- Dit was deur *The Sowetan*-koerant dat swart mense Botha se hervormings kon kritiseer/daarteen rebelleer/dit teenstaan
- Hulle kon deur streng regeringsensorskap navigeer
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.4

1.4.1 *[Onttrekking van bewyse in Bron 1D – V1]*
- '… huurprotesaksie in die Vaal Townships …'
- '… opstand …'
- '… driekamerparlementverkiesings …' (enige 2 x 1) (2)

1.4.2 *[Onttrekking van bewyse in Bron 1D – V1]*
- ' … sommige is ernstig beseer …'
- ' … maatskappymotors en fotografiese toerusting is gekonfiskeer' (2 x 1) (2)

1.4.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1D – V2]*
- Hulle was nie meer bang vir die regering se verbanning/opsluitings
- Hulle het die sensorskapwette geïgnoreer en teëgestaan deur voort te gaan om oor die massa-aksies verslag te doen
- Hulle was nie meer bang om aangehou te word nie
- Hulle was nie bang vir die regering se mediabeperkingswette nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.4.4 *[Verduideliking van 'n term in Bron 1D - V2]*
- Wette wat deur Botha aangeneem is om media-verslaggewing oor apartheidaktiwiteite te beperk /impak op swart mense
- Botha se wette om die anti-apartheidspers in Suid-Afrika te beheer
- Beperkings op vryheid van spraak gedurende die Noodtoestand
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.4.5 *[Bepaal die bruikbaarheid van Bron 1D – V3]*
Die bron is BRUIKBAAR want:

- Dit is eerstehandse inligting deur Moseki, 'n *Sowetan*-joernalis, se persoonlike ervarings van sensorskap van die gedrukte media in die 1980's
- Moseki se ervarings is in 1988 gedruk in die era van mediasensorskap in Suid-Afrika
- Dit beklemtoon hoe *The Sowetan* en ander koerante negatief deur die mediasensorskap beïnvloed is
- Dit kom uit ‘n akademiese joernaal wat internasionaal erken word
- Die inligting oor sensorskap kan bevestig word met beperkings in Bron 1B en 1C
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5 *[Vergelyking van Bron 1C en Bron 1D om hulle ooreenkomste te bepaal – L3]*

- Bron 1C sê dat die Minister van Binnelandse Sake **mag gehad het om koerante te sensor of toe te maak** en in Bron 1D word genoem van **die ondergang/einde van *The World en The Post*-koerante/Beide bronne verwys na die verbod op koerante**
- Bron 1C noem dat Botha teen 'n koerant kon optree wat hy geglo het **die haat teen die veiligheidsmagte aanwakker/aanvuur** en Bron 1D sê dat *The Sowetan*-koerant waarskuwings teen die **uitbeeld van die polisie in 'n slegte lig** gekry het **/Beide bronne beklemtoon dat koerante die polisie negetief uitbeeld**
- Bron 1C noem dat **baie stories gesny is** as gevolg van die beperkings en Bron 1D noem dat **subredakteurs party stories gesny het** om aan die sensorskapwette te voldoen.**Beide bronne verwys na die sensorskap van verslae deur die regering**
- Beide bronne verwys na **die bedryfsprobleme (operasionele)** van joernaliste/redakteurs om hulle pligte uit te voer
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese uit relevante bronne – L3]*
Kandidate mag die volgende aspekte by hulle antwoord insluit:

- PW Botha se apartheidshervormings in die vroeë 1980's het sterk anti-apartheid-mediaverslaggewing teëgekom (eie kennis)
- PW Botha se regering het met ekstreme maatreëls of beperkings op die anti-apartheid-media gereageer (eie kennis)
- Joernaliste, soos J Issel, is geteister/verban vir verslaggewing oor die massa-aksies teen apartheid (Bron 1A)
- Baie nuusmedia-afsetpunte is toegemaak/gesluit – *Saamstaan, Suid* en *New Nation* (Bron 1A/B)
- Stoffel Botha het die massabetogings teen mediasensorskap geïgnoreer (Bron 1B)
- PW Botha het streng beperkings op die media afgedwing toe 'n nasionale noodtoestand in Junie 1986 afgedwing is (Bron 1C)
- Dit het eerstehandse verslaggewing van politieke onrus belet en nuus oor stakings, anti-apartheid-boikotte en nie-amptelike township-strukture streng beperk (Bron 1C)
- Alle tipes nuusbriewe, tydskrifte en handelspers is verban (eie kennis)
- Die beperkings het die Minister van Binnelandse Sake (Stoffel Botha) die mag gegee om enige koerant wat hy geglo het rewolusie aanwakker (aanmoedig), toe te maak (Bron 1C)
- Daar is opgetree teen koerante wat die beeld van verbanne swart nasionaliste asook die afbreek van die openbare orde bevorder of haat teen die veiligheidsmagte aanmoedig (Bron 1C)
- Die media-inhoud is ook deur die regering beheer (eie kennis)
- Redakteurs van koerante is verban (Bron 1C)
- Polisieteistering is as 'n intimidasiemetode teen mediahuise gebruik (Bron 1C)
- Verslaggewer het swaar betaal, want sommige is ernstig beseer (Bron 1D)
- Maatskappymotors en fotografiese toerusting is gekonfiskeer om berigte oor die betogings te keer (Bron 1D)

- Joernaliste en redakteurs is gearresteer en verban vir oortreding van die beperkings (eie kennis)
- Joernaliste, subredakteurs en redakteurs het hulle werk verloor volgens wat deur die sensorskapwette oor waaroor berig kon word, bepaal is (Bron 1D)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:

VLAK 1	• Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van hoe PW Botha se regering in die 1980's op die anti-apartheid-mediaverslaggewing gereageer het.** • Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie.	**PUNTE 0–2**
VLAK 2	• Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van hoe PW Botha se regering in die 1980's op die anti-apartheid-mediaverslaggewing gereageer het.** • Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf.	**PUNTE 3–5**
VLAK 3	• Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van hoe PW Botha se regering in die 1980's op die anti-apartheid-mediaverslaggewing gereageer het.** • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp.	**PUNTE 6–8**

(8)
[50]

VRAAG 2: WAAROM IS DIE TOESTAAN VAN AMNESTIE DEUR DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) AAN DIE VEILIGHEIDSTAKPOLISIEMANNE VIR DIE DOOD VAN STANZA BOPAPE AS KONTROVERSIEEL BESKOU?

2.1

2.1.1 *[Onttrekking van bewyse in Bron 2A – V1]*
- '… 'n bekende aktivis …'
- '… hoofsekretaris van die Mamelodi Civic Association …' (2 x 1) (2)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse in Bron 2A – V1]*
- ' 'n Hoëvlak-toesmeerdery, waaronder 'n valse ontsnapping en geheime wegdoen van mnr. Bopape se liggaam …' (1 x 2) (2)

2.1.3 *[Definisie van 'n term in Bron 2A – V1]*
- Proses om iemand, van vervolging vry te stel
- Toestaan van 'n amptelike kwytskelding of vergifnis
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2A – V2]*
- Dit is 'n toesmeerdery van die misdade wat deur die veiligheidspolisiemanne gepleeg is
- Die toesmeerdery gaan al die pad na die hoogste range/posisies – selfs die Minister is geïmpliseer/ondersteuning van die apartheidstelsel om die waarheid weg te steek
- Dit was om 'n politieke ongunstige reaksie te voorkom
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.5 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2A – V2]*
- 'n Beroep/Pleidooi deur die moeder wat diep pyn en soeke na die waarheid en afsluiting/genesing simboliseer
- 'n Morele beroep/Aandrang op die waarheid en waardigheid in stryd met regeringsontkenning en ontmensliking
- 'n Beroep op die ondervraagdes om te onthul hoe hulle Stanza Bopape gemartel en doodgemaak het
- Die familie sal in staat wees om Stanza Bopape 'n behoorlike/waardige/geestelike rituele/begrafnis te gee.
- Die beendere kan dien as fisiese bewyse om die gruweldade wat deur die Veiligheidstakpolisiemanne gepleeg is te onthul/die waarheid oor die verdwyning van Stanza Bopape onthul
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2

2.2.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2B - V2]*
- Oortreders
- Veiligheidstakpolisiemanne/polisie
- Apartheidstaatsagente
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2B – L2]*

- Francina Bopape het nie die Veiligheidstakpolisiemanne se weergawe van die waarheid vertrou nie/ Francina Bopape was agterdogtig oor die betrokkenes se weergawe
- Francina Bopape het aangevoel/vermoed dat haar seun deur die Veiligheidtak vermoor is/bewyse is vernietig
- Die Veiligheidstakpolisiemanne het leuens vertel/nie die volle waarheid geopenbaar nie
- Sy het alle bewyse nodig gehad om aflsuiting oor die dood van haar seun te vind
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3

2.3.1 *[Onttrekking van bewyse in Bron 2C – V1]*

- '… Ons het mnr. Bopape aan 'n sterk houtstoel in die gang buite my kantoor vasgebind'
- 'Sy hemp is verwyder …'
- '… sy hande en voete is aan die stoel vasgebind'
- 'Sersant Du Preez het met die elektriese skoktoestel gewerk …'
- '… mnr. Engelbrecht die elektrodes (elektriese drade) op Bopape se lyf geplaas het' (enige 3 x 1) (3)

2.3.2 *[Onttrekking van bewyse in Bron 2C – V1]*

- '... (Mr Van Niekerk)/'Majoor Adriaan Van Niekerk …'
- '… Majoor Charles Zeelie …'
- '…Adjudant-offisier Hendrick Mostert/Mr Mostert …'
- '… Sersant Johan du Preez …'
- '… Konstabel Jakobus Engelbrecht/Mr Engelbrecht' (enige 2 x 1) (2)

2.3.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2C – V2]*

- Dat die polisiemanne nie marteling as moreel verkeerd beskou het nie
- Dat die veiligheidspolisiemanne dit as roetine en aanvaarbaar beskou het ten spyte van die wreedheid daarvan
- Dat die veiligheidspolisiemanne dit as motivering vir hulle amnestie-aansoek gebruik het
- Die veiligheidspolisie het hul metodes onverskillig toegepas/hulle wou net inligting uitvis
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4

2.4.1 *[Onttrekking van bewyse in Bron 2D – V1]*

- '… toe hulle amnestie aan 10 voormalige veiligheidspolisiemanne vir hulle rol in die moord van Mamelodi-aktivis Stanza Bopape in Junie 1988 toegestaan het.' (1 x 2) (2)

2.4.2 *[Onttrekking van bewyse in Bron 2D – V1]*

- 'Generaal Johannes Velde van der Merwe …' (1 x 1) (1)

2.4.3 *[Verduideliking van 'n term in Bron 2D – V2]*

- Proses waar betrokkenes by apartheidsera politieke misdade amnestie deur die WVK toegestaan is, maar slegs indien hulle oortredings volledig en eerlik geopenbaar het
- Verwys na die vereiste van die WVK dat individue wat om amnestie aansoek doen, die volle waarheid moes openbaar oor die menseregteoortredings of polities gemotiveerde misdade wat hulle tydens die apartheidsera gepleeg het
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.4.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2D – V2]*

- Dit impliseer dat hulle stories (weergawes) hoogs gekoördineerd, verfyn en gerepeteer is, moontlik om konsekwent eerder as waar voor te kom
- Die weergawes deur die betrokkenes het geen skuiwergate vir die WVK gelaat om te bevraagteken nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.4.5 *[Bepaling van die betroubaarheid van Bron 2D – V3]*

Die bron is BETROUBAAR want:

- Die artikel is deur P Pigou, 'n voormalige WVK-navorser/ondersoeker
- Pigou het 'n ondersoek gedoen na amnestietranskipte en -uitsprake het getoon dat die polisiemanne se getuienis nie eerlik was nie
- Die artikel het in 'n koerant, *The Mail and Guardian*, verskyn wat 'n goeie reputasie het
- Die artikel is op 28 April 2000 gepubliseer, slegs twee jaar nadat die WVK-verhore oor die verdwyning van Stanza Bopape plaasgevind het
- Die bron word deur bron 2C ondersteun, wat voorstel hoe polisie saamgesweer het om die verdwyning/doodmaak van Stanza Bopape toe te smeer
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.5 *[Vergelyking of Bron 2C en 2D om verskille te bepaal – V3]*

- Bron 2C verwys na die WVK as tevrede dat die **betrokkenes 'n volledige bekendmaking van feite gemaak** het, terwyl Bron 2D aandui dat daar **selektiewe gebruik van beskikbare inligting** was.
- Bron 2C dui aan dat die aansoek om **amnestie geslaag** het, terwyl Bron 2D na die toestaan van **amnestie as kontroversieel/**omstrede verwys.
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Die betrokkenes het 'n hoëvlak-toesmeerdery van Stanza Bopape se dood aangebied/voorgelê (Bron 2A)
- Aanvanklik het 'n leuen oor Stanza Bopape se ontsnapping die openbare narratief (storie) oorheers (Bron 2A)
- Die Minister van Wet en Orde, Vlok, het die sogenaamde 'ontsnapping'-storie ondersteun (Bron 2A)
- Francina Bopape, Stanza se moeder, was nooit daarvan oortuig dat haar seun uit polisiebewaking ontsnap het nie (Bron 2A)
- Matome Bopape, Stanza se vader, het 'n gebrek aan vertroue in die Minister getoon want hy het sy ontsnappingsweergawe verwerp (Bron 2A en eie kennis)
- Van Niekerk se getuienis in Bron 2C, wat vir die toestaan van amnestie gebruik is, is nie bevraagteken of kruisondervra nie
- Dit was die enigste saak waar 10 voormalige veiligheidspolisiemanne, van die laagste rang tot by polisiekommissaris, om amnestie aansoek gedoen het en dit toegestaan is (Bron 2D)
- Bewyse wat deur die aansoekers gebruik is, het gelyk asof dit gekies is om amnestie te regverdig (Bron 2D)
- Die aanbieding deur die aansoekers het 'n goed-geoliede weergawe onthul om hulle eie inkriminering/skuld te vermy (Bron 2D)
- Dit wys dat daar dikwels vir families gelieg is oor wat met hulle geliefdes gebeur het en hulle van afsluiting ontneem is (eie kennis)
- Die regering se 'vals bewering van "ontsnapping" maak dit moeilik vir families om te weet wat die waarheid is (eie kennis)
- Die gevoelens van die familie is nie in aanmerking geneem toe amnestie aan die betrokkenes by politieke misdade toegestaan is nie (eie kennis)
- Die amnestie was kontroversieel/omstrede want dit het gelyk asof bedrog/misleiding en wreedheid met vergifnis beloon is, terwyl die slagoffer se familie en die publiek sonder die volle waarheid en regverdigheid gelaat is (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:

VLAK1	• Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van waarom die toestaan van amnestie deur die Waarheids-en-Versoenings-kommissie (WVK) aan die veiligheidstakpolisiemanne vir die dood van Stanza Bopape as kontroversieel* beskou is.** • Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie.	**PUNTE 0–2**
VLAK 2	• Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van waarom die toestaan van amnestie deur die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) aan die veiligheidstakpolisiemanne vir die dood van Stanza Bopape as kontroversieel* beskou is.** • Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf.	**PUNTE 3–5**
VLAK 3	• Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van begrip van waarom die toestaan van amnestie deur die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) aan die veiligheidstakpolisiemanne vir die dood van Stanza Bopape as kontroversieel* beskou is.** • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp.	**PUNTE 6–8**

(8)
[50]

VRAAG 3: BEVOORDEEL DIE CHINESE BELT AND ROAD INITIATIVE (BRI) BRICS+-LANDE?

3.1

3.1.1 *[Onttrekking van bewyse in Bron 3A – V1]*

- '… Asië …'
- '… die Midde-Ooste …'
- '… Afrika …'
- '… Europa...' (enige 2 x 1) (2)

3.1.2 *[Onttrekking van bewyse in Bron 3A – V1]*

- '… Asian Infrastructure Investment Bank …'
- '… BRICS-bank …'/'… New Development Bank (NDB) …' (2 x 1) (2)

3.1.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3A – V2]*

- Beide China en ontwikkelende lande sal by die BRI baat/voordeel trek
- Ontwikkelende lande sal voordeel trek uit lenings en beleggings terwyl China wins sal verdien uit sy beleggings
- China sal baat vind by die BRI-inisiatief wat weer BRICS sal versterk
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.1.4 *[Definisie van term in Bron 3A – V1]*

- Minder geïndustrialiseerde lande, waar goedere/grondstowwe die ekonomie domineer/ook bekend as Derde Wêreld-lande
- Lande met minder gediversifiseerde ekonomieë (dikwels afhanklik van 'n enkele produk, nywerheid of ekonomiese sektor)
- Lande met 'n laer bruto binnelandse produk (BBP) en laer BBP per kapita as ontwikkelde lande
- Lande met laer geletterdheidskoerse, hoër kindersterftekoerse en minder ontwikkelde infrastruktuur, onderwys en gesondheidsorgsektore
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.1.5 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3A – V2]*

- Die persepsie dat die BRI slegs die Chinese politieke en ekonomiese belange bevorder/Hulle (Rusland en China) het nie by die inisiatief baat gevind nie
- Alhoewel hulle in BRICS met China vennote is, is hulle mededingers met China op sommige gebiede
- Hulle wil dalk nie as junior vennote in 'n Chinees-geleide inisiatief beskou word nie/Hulle kan as swak beskou word
- Die BRI kan as 'n Chinese instrument in hulle geopolitieke en ekonomiese mededinging met Amerika en Amerikaans-gedomineerde instellings beskou word, wat moontlik teen Indiese of Russiese belange is
- Dit kan beskou word as dat die BRI indring/inbreuk maak in streke wat tradisioneel deur Indië en Rusland as binne hulle belangesfere beskou word, wat tot konflik kan lei
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.2

3.2.1 *[Onttrekking van bewyse in Bron 3B – V1]*

- 'beleid …'
- '… infrastruktuur …'
- '… handel …'
- '… finansies …'
- '… mens-tot-mens' (enige 3 x 1) (3)

3.2.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3B – V2]*

- China sal versterkte mag/invloed/beheer in BRICS-lande verkry/bekom waar BRI-projekte ingestel/gevestig is
- BRI-projekte in BRICS-lande sal vir China se ekonomiese belange voordelig wees
- China kan moontlik die ondersteuning van ander BRICS-lande bekom met betrekking tot internasionale sake deur BRI
- Sterker invloed van die BRI in ander BRICS-lande sal op lange duur vir China geopolities voordelig wees
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.2.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3B – V2]*

- China sou beleid binne die vennootskap beïnvloed
- Ander BRICS-lande, soos Indië en Rusland, sal nie China se dominante rol aanvaar nie
- BRICS-lidlande se ekonomiese en politieke belange stem nie altyd ooreen met China nie, wat tot wrywing met China kan lei
- Ander BRICS-lande wil nie as afhanklik van China beskou word nie
- Sekere BRICS-lande is mededingers met China op sommige gebiede en sal China se beskouing van hulleself as dominant, betwis
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3

3.3.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3C – V2]*

- Die figuur wat Amerika verteenwoordig, word as kwaad uitgebeeld – Amerika is teen die BRI gekant
- Die figuur het 'n lang neus wat aandui dat hy besig is om te jok: die BRI is in werklikheid nie 'n skuldmoeras nie
- Hy is ontsteld, hy waai sy arm en wys na die prentjie van die trein – Chinese belegging in Afrika is 'n probleem/bekommernis vir Amerika
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.3.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3C – V2]*

- China se Belt and Road Initiative is suksesvol – ons sien 'n moderne trein wat beweeg
- China se infrastruktuurontwikkeling verbind verskillende gebiede binne die BRI- spoorlyn
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.3.3 *[Bepaal die beperkinge van Bron 3C – V3]*
Die bron is BEPERK want:

- Dit is deur 'n Chinese spotprenttekenaar geteken/uit 'n Chinese eensydige standpunt/vooroordeel
- Dit verteenwoordig Westerse skeptisisme van die BRI
- Dit beeld die VSA in 'n negatiewe lig uit, beeld hulle uit asof hulle leuens vertel (die lang neus van die figuur verteenwoordig die VSA) en kwaad/ontsteld.
- Dit neerhalend oor die Amerikaanse 'skuldmoeras'-bewerings
- Taalgebruik deur VSA, 'skuldmoeras' beeld China negatief uit
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.4

3.4.1 *[Onttrekking van bewyse in Bron 3D – V1]*
- '… befondsing …'
- '… tegnologie-uitruiling …'
- '… strategiese vennootskappe' (3 x 1) (3)

3.4.2 *[Onttrekking van bewyse in Bron 3D – V1]*
- '… Wêreldbank …'
- '… Internasionale Monetêre Fonds (IMF) …' (2 x 1) (2)

3.4.3 *[Verduideliking van 'n term in Bron 3D – V2]*
- Samewerking tussen lande van die Globale Suide (ontwikkelende lande) onafhanklik van die tradisioneel dominante Globale Noorde (ontwikkelde nasies)
- Samewerking tussen opkomende ekonomieë buite die VSA/Westers-gedomineerde ekonomiese orde
- Bondgenootskap tussen lande buite die G7-geïndustrialiseerde nasies
- Nasies buite die Westers-gedomineerde strukture, soos die Wêreldbank en die Internasionale Monetêre Fonds (IMF), wat saamwerk
- Vennootskap tussen nasies suid van die 'Brand Line' wat tradisioneel die gaping tussen die ontwikkelde 'Noorde' en die minder ontwikkelde 'Suide' definieer
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.4.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3D – V2]*
- Ethiopië is nie in 'n 'skuldmoeras' vasgevang nie – 'skuldmoeras'-kritiek van Chinese infrastruktuurbeleggings was nie op die projek van toepassing nie
- Die treinspoor is funksioneel en voltooi/Dit was 'n funksioneel suksesvolle BRI-projek
- Die treinspoorprojek het 'n kritieke deel van Ethiopië se ekonomiese ontwikkeling geword, soos deur die BRI voorsien
- Die projek vergemaklik die vervoer van 'n enorme deel van die land se invoere en uitvoere
- Die treinspoor sny vervoertye en -koste
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.5 *[Vergelyking van bewyse in Bron 3B en 3D om ooreenkomste te bepaal – V3]*

- Bron 3B verwys na die **in lyn bring van BRICS en die BRI**, en Bron 3D gaan oor 'n **BRI-projek in Ethiopië ('n BRICS+-land)**
- Bron 3B noem **infrastruktuurprojekte as deel van die BRI**, en Bron 3D beklemtoon **'n infrastruktuurprojek in Ethiopië** (die Addis Abeba–Djiboeti-treinspoor)
- Bron 3B noem **vennootskappe en samewerking** as deel van die BRI, en Bron 3D beklemtoon die **samewerking van China en Ethiopië** op 'n BRI-projek
- Bron 3B noem vry handel, en Bron 3D verduidelik die handel wat plaasvind langs die Addis Abeba–Djiboeti-treinspoor/beide bronne **noem die BRI se handelsvoordele in Afrika**
- Beide bronne verwys na China wat BRIC- lande befonds
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoord insluit:
Kandidate moet **BEVOORDEEL** of **NIE BEVOORDEEL NIE** kies.

BEVOORDEEL:

- China het die BRI geskep om in infrastruktuurprojekte in verskeie streke van die wêreld te belê (Bron 3A)
- Die BRICS-bank/New Development Bank is betrokke by die befondsing van die projekte (Bron 3A)
- China beeld die BRI as 'n 'wen-wen-situasie' vir BRICS uit (Bron 3A)
- Die BRI verskaf ontwikkelende lande met 'n manier om vinnig vooruit te kom (Bron 3A)
- China wil die verbondenheid en ekonomiese ontwikkelingstrategieë van verskillende state in die BRI, veral BRICS versterk (Bron 3B)
- China wil die BRI/BRICS gebruik om die beleide van streeksorganisasies te beïnvloed (Bron 3B)
- China beskou hulleself as die 'leidende mag' van BRICS, met die grootste mag en vermoë om hulle toekomstige koers te bepaal (Bron 3B)
- BRICS doen 'n beroep vir ontwikkelings- en finansiële onafhanklikheid van tradisioneel dominante Westerse leners, soos die Wêreldbank en die IMF (Bron 3D)
- China het saam met Ethiopië (BRICS+) gewerk aan 'n BRI-projek (die Addis Abeba–Djiboeti-treinspoor) wat handelsdoeltreffendheid verbeter het (Bron 3D)
- Die BRI-projek in Ethiopië (BRICS+) word beskou as 'n voorbeeld van 'n alternatiewe benadering tot ontwikkeling (Bron 3D)
- Enige ander relevante antwoord

NIE BEVOORDEEL NIE

- Sommige beskou BRICS as 'n manier vir China om hulle eie politieke en ekonomiese belange te bevorder – nie vir BRICS nie (Bron 3A)
- Twee van China se belangrikste BRICS-vennote, Rusland en Indië het voorbehoude gehad oor of BRICS by die BRI sou baat (Bron 3A)
- BRICS sal China toelaat om hulle internasionale leierskap te versterk en om 'n groter rol te speel in die formulering van internasionale reëls (Bron 3B)

- Dit was 'n strategie vir China om hulleself te posisioneer as 'n 'dominante mag' om BRICS se toekomstige koers te bepaal (Bron 3B)
- Sommige lande het China se BRI-projekte as 'skuldmoerasse' gekritiseer wat China in staat stel om invloed oor daardie lande te bekom (Bron 3C en 3D)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:

VLAK1	• Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van of die Chinese Belt and Road Initiative (BRI) BRICS+-lande bevoordeel.** • Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie.	**PUNTE 0–2**
VLAK 2	• Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van of die Chinese Belt and Road Initiative (BRI) BRICS+-lande bevoordeel.** • Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf.	**PUNTE 3–5**
VLAK 3	• Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van of die Chinese Belt and Road Initiative (BRI) BRICS+-lande bevoordeel.** • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp.	**PUNTE 6–8**

(8)
[50]

AFDELING B: OPSTELVRAE

VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik]

SINOPSIS
Kandidate moet aandui of Steve Biko en die Swartbewussynbeweging (SBB) tot 'n **groter of kleiner mate** 'n belangrike rol gespeel het in die mobilisering van swart Suid-Afrikaners om gedurende die laat-1960's en 1970's die apartheidsregering uit te daag. Die bespreking moet hoofsaaklik aandui dat dit tot 'n **groter/groot mate** was, dat die Swartbewussynbeweging die stryd teen apartheid gedurende die laat 1960's en 1970's versterk het deur hulle filosofie, voorspraak, verskeie organisasies en projekte. Hulle moet die inhoud wat hulle gaan gebruik om hulle argumente te ondersteun, beklemtoon.

HOOFASPEKTE
- Inleiding: Kandidate moet aandui of Steve Biko en die Swartbewussynbeweging (SBB) tot 'n **groter of kleiner mate** 'n belangrike rol gespeel het in die mobilisering van swart Suid-Afrikaners om gedurende die laat-1960's en 1970's die apartheidsregering uit te daag. Hulle moet aandui hoe hulle hulle argumente gaan ondersteun.

UITBREIDING
- Politieke vakuum
  - Geskep nadat ANC- en PAC-leiers en partye in die 1960's óf verban óf in die tronk gesit is
- Swartbewussynsfilosofie – om 'n oortuiging te vestig dat hulle self verandering kan bring (SBB en Biko het die filosofie gebruik om anti-apartheid-ondersteuning doeltreffend te mobiliseer)
  - Vestig gevoel van selfvertroue by swart mense om die apartheidstaat uit te daag – SB het ondersteuning gewen
  - Besiel swart mense met 'n gevoel van trots deur selfhelp/sosio-ekonomiese ontwikkeling/selfonderhoudendheid
  - Beïnvloed swart mense om hulleself as 'swartes' te aanvaar/selfvertroue te hê/selfonderhoudend te wees – gevoel van 'n positiewe verenigde identiteit
  - Swartes bemagtig om die gees van selfbejammering; minderwaardigheidskompleks; selfvervreemding en dominansie deur eksterne magte te verwerp – verkry selfvertroue/bou ondersteuning
  - Solidariteit – gesamentlike mag van swart mense
  - Vroue moes ophou om velverligtingsprodukte te gebruik/afro-haarstyle hê – selfvertroue
- Inspireer die stigting van politieke organisasies wat die SB-filosofie bevorder om self verandering mee te bring – verskillende organisasies gestig wat die apartheidsregering uitgedaag het
  - Vestig gevoel van vasberadenheid by politieke organisasies om apartheid uit te daag om self verandering mee te bring
  - Swart studente het begin om hulleself te organiseer om wit oorheersing teen te staan deur van NUSAS (National Union of South African Students) weg te breek en SASO (South African Students Organisation) (1968) te stig – om ware swart onafhanklike leierskap te vestig

- Swart studente het die filosofie van Swart Bewussyn aangeneem (rol van Biko/SASO wat tot mobilisering teen die apartheidsregering gelei het)
- SASO het in 1972 die stigting van SASM in skole geïnspireer – het die apartheids-onderwysstelsel uitgedaag
- Die Suid-Afrikaanse Studentebeweging (SASM) het leerders aan die ideale van die SB blootgestel – vergaderings/konferensies georganiseer om die apartheidstelsel uit te daag
- Swart Bewussyn (SB) het tot die stigting van die Swartmense se Konvensie (Black People's Convention (BPC)) in 1972 gelei wat studente, kerke, gemeenskappe en vakunies betrek het (die solidariteit teen apartheid)
- Unies wat hulle met die SB-filosofie vereenselwig het, was die Black Parents Association en die Black Allied Workers Union (BAWU) (die solidariteit het gelei tot die verhewiging van die stryd teen apartheid)
- BCM and SASO organised the VIVA FRELIMO Rallies (1974) (to inspire and gain more support to intensify the struggle against apartheid)
- Die arrestasie van SB-leiers het politieke aktivisme verhoog/versterk wat teenstand teen apartheid laat verhewig

- SB-gemobiliseerde studente verhewig die stryd teen apartheid en bring self verandering (bv. Soweto-opstand)
  - Die Departement van Bantoe-onderwys het deur 'n verordening in 1974 Afrikaans as die onderrigmedium in skole bekendgestel
  - Die Suid-Afrikaanse Studentebeweging (SASM) is in 1972 gestig wat swart mense aan die ideale van die SB blootgestel het en teenstand teen apartheid laat herleef
  - SASO en die SASM het die stigting van die Soweto-studente Verteenwoordigende Raad (SSVR) ('Soweto Students' Representative Council (SSRC)) beïnvloed
  - Beide swart onderwysers en studente/leerders het Afrikaans as die taal van die onderdrukker verwerp
  - Sommige onderwysers en studente was reeds aan die idees van Biko en die SB-filosofie blootgestel deur SASO-studente-onderwysers van universiteite af – mobilisering
  - Die departementele omsendbrief oor Afrikaans (50/50) in Junie 1976 was die sneller vir die Soweto-opstand
  - Op 16 Junie 1976 het leerders vreedsame protes teen die implementering van die omsendbrief gemobiliseer
  - Gewelddadige polisiereaksie op die studentebetogings (Hector Petersen, 'n 13-jarige seun, was een van die eerste ongevalle van hierdie opstand)
  - Betogings het nasionaal opgevlam – wyer mobilisering – groter druk op die apartheidsregering uitgeoefen
  - Studente en leerders het in ballingskap gegaan – versterk die stryd teen apartheid buite Suid-Afrika
- Inspireer die stigtingvan gemeenskapsprogramme vir selfonderhouding/self-help en bring self verandering/verhoog teenstand teen apartheid
  - Biko se verbanning na King Williams' Town het die fokus van gemeenskapsprogramme afgelei
  - SB het deur swart gemeenskapsprogramme onafhanklikheid van wit mense aangehelp sodat swart mense ondersteun word sonder wit hulp (Zanempilo Health Clinic/Ginsburg Educational Trust/Zimele Trust Fund/Solempilo Community Health Centre/Ithuseng Community Health Programme en Winter Skoolprojekte) wat teenstand teen apartheid op plaaslike vlak laat herleef het

- Inspireer werkers om 'n vakunie te stig vir werkers om te organiseer en te mobiliseer teen apartheid in die werkplek
  - Unies wat in lyn was met die SB-filosofie het die Black Allied Workers Union (BAWU) ingesluit
  - SB het die Black Allied Workers Union (BAWU) beïnvloed om die 1973-werkerstakings in Durban te organiseer – ekonomie negatief beïnvloed
- Bemagtig swart mense om hulle eie media te hê om die stryd teen apartheid te publiseer SBB het meer ondersteuning gekry
  - Rol van media-organisasies wat simpatiek teenoor die SB-filosofie was, bv. *The World*- en *The Post*-koerante – verban deur die apartheidsregering
- Biko se dood verhoog mobilisering teen apartheid
- Enige ander relevante antwoord

Gevolgtrekking: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante gevolgtrekking opsom. **[50]**

VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik]

SINOPSIS
Kandidate moet 'n **gebalanseerde siening** verskaf dat die proses na 'n demokratiese Suid-Afrika tussen 1989 en 1994 **glad verloop het (as gevolg van vaardige onderhandelaars), maar dat dit ook rof en stamperig was** – wat tot geweld gelei het as gevolg van meningsverskille en die gewelddadige aard van ander leiers. Kandidate moet 'n **gebalanseerde standpunt** verskaf of die aanbieding in chronologiese volgorde of 'n tematiese benadering is. In alle gevalle moet kandidate relevant historiese bewyse gebruik om hulle argumente te ondersteun.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte by hulle opstelle insluit:

- Inleiding: Kandidate moet 'n **kritiese standpunt** inneem wat 'n **gebalanseerde siening verskaf** deur aan te dui dat die proses tot die bereiking van 'n demokratiese Suid-Afrika tussen 1989 en 1994 **aan die een kant glad verloop het, maar aan die ander kant ook rof en stamperig was.** Hulle moet hulle standpunt ondersteun deur te verwys na gevalle van **kompromieë/toegewings en onderhandeling aan die een kant en geweld/ meningsverskille/gebrek aan vertroue aan die ander kant.** Hulle moet die inhoud wat hulle gaan gebruik om hulle gebalanseerde siening te verskaf, beklemtoon, bv. Groote Schuur- en Pretoria-minute vir onderhandelinge tussen die NP en die ANC en geweld in die Vaaldriehoek (Sebokeng) deur die Derde Mag en aanvalle by die Melrose House Museum deur die AWB.

UITBREIDING

- FW de Klerk het in 1989 by PW Botha oorgeneem en hervormings ingestel
- Begin die proses:
  - Ontban die African National Congress (ANC), die Pan Africanist Congress (PAC) en die South African Kommunistiese Party (SACP) en ander verbanne organisasies (NP begin 'n onderhandelingsproses)
  - Vrylating van Nelson Mandela op 11 Februarie 1990 en ander verbanne politieke leiers in 1990 (dit maak die weg oop vir onderhandelings vir 'n demokratiese SA)
- Samesprekings (31 Maart 1990) tussen die ANC en die NP uitgestel weens die doodmaak van weerlose betogers in Sebokeng (rof en stamperig)
- Groote Schuur-minuut, 2 Mei 1990 – beide partye (ANC en NP) het hulle verbind tot die beëindiging van geweld en om te onderhandel (gladde proses/vaardige onderhandelaars)
- Geweld in die Vaaldriehoek – Sebokeng (Julie 1990) (potensiaal om die gladde verloop van onderhandelinge te ontspoor) – deur Derde Mag wat glo deur politieke partye beïnvloed is
- Handgranaataanvalle by die Melrose House Museum (24 Mei 1990) (AWB poging tot geweld om onderhandelingsproses te ontspoor) – (geweld)
- Pretoria-minuut (Augustus 1990) – ANC staak gewapende stryd en NP hef noodtoestand op (gladde proses/vaardige onderhandelaars)
- Nagaanval in Thokoza (13 September 1990) (IFP, ANC en Derdemag-geweldspoging om die gladde proses te ontspoor)
- Die Nasionale Vredesooreenkoms is deur 27 politieke organisasies onderteken (14 September 1991) (gladde proses/vaardige onderhandelaars)

- KODESA 1 (21 Desember 1991) – 19 politieke partye behalwe KP en PAC. NP kritiseer ANC sterk omdat hulle nie Mkhonto We Sizwe (MK) ontbind het nie en beskuldig hulle dat hulle MK as 'n 'privaatweermag' hou (onderhandelingsproses nie glad nie as gevolg van gebrek aan vertroue)
- Die Verklaring van Voorneme (21 Desember 1991) – politieke partye kom ooreen om 'n nuwe konstitusie saam te stel en 'n tussentydse regering daar te stel (gladde proses/vaardige onderhandelaars)
  - Die deelnemende partye kon nie ooreenkom oor magsdeling en die Grondwetgewende Vergadering nie – vergadering beëindig (proses of onderhandeling nie glad nie as gevolg van meningsverskille/gebrek aan vertroue)
- Referendum slegs vir wit mense – De Klerk toets wit mening nadat drie tussenverkiesings aan die KP verloor is, uitslag wegholoorwinning vir Ja (gladde proses/vaardige onderhandelaars)
- KODESA 2 (2 Mei 1992) – nie suksesvol nie as gevolg van geweld en onvermoë van partye om oor magsdeling ooreen te kom – eindig op dooie punt (Derdemag na bewering deur die IFP en NP (proses van onderhandelings – nie glad nie as gevolg van geweld/meningsverskille/gebrek aan vertroue)
- Boipatong-slagting (17 Junie 1992) en invloed van Derde Mag na bewering deur die IFP en NP (poging om gladde verloop van onderhandelings te ontspoor)
- Bisho-slagting (7 September 1992) – ANC-ondersteuners wat deel van die onderhandelingsproses wou wees ('n draaipunt nadat die onderhandelingsproses die ANC begunstig het) (tuislandmagte ondersteun deur die NP – (poging om gladde verloop van onderhandelings te ontspoor
- ANC het beroep gedoen vir uitgebreide massastakings (Mei 1992) teen die Nasionale Party (proses van onderhandelings – nie glad nie as gevolg van geweld/meningsverskille/gebrek aan vertroue)
- Verset deur Concerned South Africans Group (COSAG) – Oktober 1992 – (proses van onderhandelings nie glad nie as gevolg van geweld/meningsverskille/gebrek aan vertroue)
- Verklaring van Verstandhouding – 26 September 1992 – Meyer en Ramaphosa het hulleself tot vrede en onderhandelinge verbind, Meyer en Ramaphosa het saamgestem met Joe Slovo se oorgangsklousule (2 April 1993) (gladde proses/vaardige onderhandelaars)
- Partye wat meer as 5% van die stemme verwerf, sal 'n regering van nasionale eenheid (RNE) stig om die nuwe SA te regeer en wit mense sal hulle werk vir 5 jaar behou (gladde proses/vaardige onderhandelaars)
- Veelpartyonderhandelinge het op 2 April 1993 by die Wêreldhandelsentrum voortgegaan maar nie lank geduur nie – om die proses van onderhandelings te ondersteun (gladde proses/vaardige onderhandelaars)
- Sluipmoord van Chris Hani (10 April 1993) – Janus Walus (KP-poging om die proses of onderhandelings te ontspoor. Mandela spreek die nasie op TV toe om hulle te kalmeer
- Die AWB het die onderhandelinge op 25 Junie 1993 onderbreek toe hulle die Wêreldhandelsentrum met 'n pantservoertuig bestorm het – (poging om onderhandelings te ontspoor – proses van onderhandelings nie glad nie as gevolg van geweld/meningsverskille/gebrek aan vertroue)
- St James Church-slagting (25 Julie 1993) – AZAPO/PAC-poging om proses van onderhandelings te ontspoor – geweld/meningsverskille/gebrek aan vertroue)
- Heidelberg Tavern-slagting (30 Desember 1993) AZAPO-poging om proses van onderhandelings te ontspoor – geweld/meningsverskille/gebrek aan vertroue)
- Shell Houses-slagting (28 Maart 1994) – die ANC en IFP (geweld)

- Datum vir eerste demokratiese verkiesing vasgestel (27–29 April 1994) – (gladde proses/vaardige onderhandelaars)
- Voortslepende geweld tydens verkiesing – motorbom buite die ANC-hoofkantoor op n 24 April 1994 (Regse Vleuel sporadies – poging tot geweld om gladde proses van die verkiesing te ontspoor)
- Motorbom ontplof by Jan Smuts Lughawe op 27 April 1994 (Regse Vleuel sporadies – poging tot geweld om gladde proses van die verkiesing te ontspoor)
- Verkiesing in 1994 gehou (proses na demokrasie afgehandel)
- Mandela word die eerste staatspresident van die nuwe demokratiese Republiek van Suid-Afrika met Thabo Mbeki en FW De Klerk as sy adjunkte
- Enige ander relevante antwoord

Gevolgtrekking: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante gevolgtrekking opsom.

[50]

VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE

[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik]

SINOPSIS
Kandidate moet **saamstem** of **nie** met die stelling dat Gorbachev se pogings om die Sowjetunie deur beleidsveranderinge van Glasnost en Perestroika te red, uiteindelik in die middel-1980's tot 1991 tot hulle val gelei het. Kandidate moet aandui hoe Gorbachev se beleide die Sowjetunie gered of vernietig het. Kandidate moet hulle argumente met relevante historiese bewyse ondersteun.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem deur **saam te stem** of **nie** met die stelling dat Gorbachev se pogings om die Sowjetunie deur beleidsveranderinge ((Glasnost en Perestroika) te red, uiteindelik in die middel-1980's tot 1991 tot hulle val gelei het. Hulle moet aandui waarom hulle **saamstem** of **nie** en ook die inhoud wat hulle gaan gebruik om hulle argumente te ondersteun, beklemtoon.

UITBREIDING

- Die VSA en die Sowjetunie het ná WWII as supermoondhede verrys
  - Die twee was in 'n Koue Oorlog gewikkel vir ideologiese dominansie
  - Die ruimte- en wapenwedloop teen die VSA en die oorlog in Afghanistan het die ekonomie van die Sowjetunie verswak
- Gorbachev het in 1985, op die ouderdom van 54, die Sekretaris-Generaal van die CPSU (Kommunistiese Party) en die leier van die regering geword en 'n ekonomies verswakte Sowjetunie geërf
- Hy het gehoop om die Sowjetunie se ekonomie te laat herleef deur beide nywerheidsuitsette en -tegnologie te verbeter, asook om hulle markte uit te brei
  - Hy het 'n risiko geneem om politieke en ekonomiese veranderinge aan te kondig: verhoog vryheid – ongewild by onversetlike kommuniste (bygedra tot uiteindelike val)
- In 1985 het hy die beleid van Perestroika bekend gestel – ekonomiese herkonstruksie (poging om Sowjetunie te red)
  - Dit het kleinskaalse privaat eienaarskap toegelaat en verwyder regeringsbeheer oor produksie ('n hibriede kommunisties-kapitalistiese stelsel)
  - Dit is swak geïmplementeer/beheer en verwarrend vir ondernemings wat nog nooit in 'n kapitalistiese omgewing bedryf is nie (lei tot uiteindelike val)
- Hy het 'n groot risiko geneem om politieke verandering teweeg te bring, veral vir die Sowjetunie, bekend vir hulle onversetlike Kommunistiese standpunt, deur die beleid van Glasnost bekend te stel (poging om Sowjetunie te red)
  - Glasnost het tot kritiek teen die regering gelei – onder meer kritiek van Perestroika en van Gorbachev self
  - Verhoogde persvryheid (vermindering van sensuur) en moedig verhoogde deelname aan, en kritiek van regering aan (bygedra tot uiteindelike val)
- Oopheid vir eksterne partye/lande
  - Laat nie-kommunistiese partye toe om deel te wees van die regeringstelsel – het stadig kommunistiese beheer gedestabiliseer (bygedra tot uiteindelike val)
  - Sluit normalisering van verhouding met die VSA in wat onversetlikes ontstel het

- Kritiek van die beleide
  - Baie onversetlike kommuniste was ontevrede met beleide wat ongewild geword het
  - Tuis het hy twee tipes opponente gehad: onversetlikes wat teen hervormings was en liberales wat hom gekritiseer het omdat hy nie vinnig genoeg beweeg het nie (bygedra tot die uiteindelike val/terwyl hy in die Weste heldestatus gehad het
  - Die twee beleide het mekaar nie so ondersteun soos verwag is nie, en het die hele stelsel van die Sowjetunie beëindig (bygedra tot die uiteindelike val)
  - Perestroika en Glasnost het gelei tot eise vir die beëindiging van kommunisme en volle demokrasie
  - Hy het tuis ondersteuning verloor – eenheid van die Sowjetunie was in gevaar en sosialisme is bedreig
- Val van die Berlynse Muur (1989) beteken die einde van die Koue Oorlog, Sowjet-invloed in Oos-Europa en die val van kommunisme
- Baie onderliggende verskille het onder die 15 republieke bestaan.
  - Burgerlike onrus het tussen die verskillende groepe uitgebreek
  - Ou vorms van nasionalisme het te voorskyn gekom en tot 'n nuwe eis vir onafhanklikheid gelei
  - Hy het die disintegrasie probeer keer deur die stigting van 'n Federasie van State voor te stel – dit het misluk
  - In 1990 het verskeie Sowjet-state, onder meer Rusland onder Gorbachev se bitter teenstander, Boris Yeltsin, hulle onafhanklikheid verklaar
- Op 25 Desember 1991 is die USSR en die Kommunisteparty ontbind
  - Elk van die 15 republieke het onafhanklik geword en ook lede van die Commonwealth of Independent States (Statebond van Onafhanklike State)
  - Die disintegrasie van die Sowjetunie het die einde van die Koue Oorlog gesimboliseer
  - Die VSA het as die enigste supermoondheid oorgebly
- Enige ander relevante antwoord

- Gevolgtrekking: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante gevolgtrekking opsom. **[50]**

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou